# Waarmee ons sinvol kan besig wees

Hand 1:1-11

Die dissipels staar na die hemel en ontvang die belofte dat Jesus weer sal kom.
**Wat nou?**
Wat moet hulle *nou doen*?
Waarmee moet hulle hulle solank *besig hou*?
**Die vraag raak nie net vir hulle nie**. Dit raak ook vir ons as dissipels van die Here wat wag op Sy terugkeer: Wat nou? Waarmee moet ons onsself intussen besig hou?
**Nie dat ons nie besig IS nie**! Min van ons is seker verveeld. Baie se klagte is: *"Ek het nie tyd nie!"*
Maar is ons met die **regte goed** besig?
Is ons om die **regte redes** besig?
Voel ons ons is SINVOL besig?

**Illustrasie:** Pa en seun – seun wil Pa 20 dollar betaal vir 1 uur van sy tyd

**In Handelinge 1 vul Jesus die tyd met betekenis**. Hy gaan weg en niemand behalwe die Vader weet wanneer Hy gaan terugkeer nie.
Die tyd tussen Sy hemelvaart en sy terugkeer **kan leë tyd wees**. Ons kan dit deurbring deur *verlangend en verlamd* na die hemel te staar en te wonder wanneer Hy gaan terugkeer. Of ons kan dit met *onbenullighede volprop* – aan die eenkant kan ons sit en *wag* op die dood om te kom, of aan die anderkant kan ons ons weer *dood jaag* agter wind aan.
**Jesus vul die tyd met betekenis deur vir sy volgelinge – vir ons as kerk - 'n betekenisvolle taak te gee**. Dit is 'n taak wat ons sinvol sal besig hou tot ons dood toe.

**Ons kan dié taak as volg beskryf**: Eerstens

1. **Dit is 'n taak gerig op die <u>aarde</u>.**

Terwyl Jesus weggeneem word na die hemel, en die dissipels Hom stip agterna staar, vra **twee mans** in wit klere vir hulle: *"Waarom staan julle so na die hemel en kyk?"*
Party Christene is **behep met die hemel**. Dis verkeerd. John Stott skryf: *"Die dissipels is nie geroep om vir die sterre te kyk nie, maar uit te reik na die eindes van die aarde."* Hy vervolg: *"Their calling was to be witnesses and not stargazers"*.

Die aarde moet die dissipels se **verbeelding aangryp**, nie die hemel nie. Hulle moes nie na die hemel bly kyk waarheen Jesus vertrek het nie, maar op die wêreld, wat die goeie nuus van Jesus Christus moet ontvang, fokus.
**Dieselfde geld vir ons**, sê Stott. Nuuskierigheid oor die *hemel en hemelbewoners*, spekulasie oor allerlei *profesieë* en die vervulling daarvan, 'n obsessie met *"tye" en "seisoene*", is alles **steurnisse** wat ons aandag aftrek van ons Godgegewe opdrag. Christus sal eendag terugkeer, persoonlik, sigbaar, verheerlik. Daarvan is ons verseker. Die **ander detail** kan wag. Intussen het ons **werk om te doen**.
*Tussen* die hemelvaart en die wederkoms, die weggaan en die terugkeer van Jesus, lê daar 'n *tydperk* waarvan ons *nie weet hoe lank* dit sal wees nie. Gedurende hierdie tyd lê ons as **kerk se roeping** hier op die aarde. Die aarde is **die ruimte** waarbinne ons roeping afspeel.
Wat is hierdie roeping en taak?

2. **Dit is 'n Getuienistaak**

Die kerk is **geroep om** die getuienis van Jesus Christus, die lewende Here, op aarde voort te sit. Die **opdrag** is duidelik: *"Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees..."* (1:8)
Jesus sê: "julle sal **my getuies** wees." (JAO) Ons is nie geroep om 'n *filosofie*, 'n *resep vir selfverwesenliking*, 'n *strategie om wenners* te wees, *opbouende waarhede* of 'n *politieke beleid* te verkondig nie. Ons is die getuies **van Jesus Christus** – wie Hy *is* en wat Hy kom *doen* en *verkondig* het (en waarom). En hierdie getuienis geskied in *woorde en in dade*.
Waar ons die goeie nuus van Jesus deel en dit geglo word, daar verander gesindhede en verhoudings en word die **wêreld nuut** gemaak. Daar kom *hoop en uitsig*. Daar breek God se *koninkryk* deur. (Eden herstel)

Die taak wat die Here Jesus ons gee om tot sy terugkoms uit te voer, is gerig op *die aarde*; dis 'n *getuienistaak* en derdens is

3. **Dit 'n taak uitgevoer in die krag van die Heilige Gees.**

Die getuienistaak **kan net** deur die krag van die Heilige Gees uitgevoer word. Daarom sê Jesus dat die dissipels in Jerusalem **moet bly wag** tot die gawe wat die Vader belowe het aan hulle gegee is (1:4). Hierdie gawe is die Heilige Gees waarmee hulle gedoop sou word (1:5).

Die Heilige Gees **bemagtig die kerk** na die weggaan van die Here Jesus. Gelowiges getuig nie uit hulle *eie krag* of met hulle *eie wysheid* nie. Getuienis geskied *in afhanklikheid van* die Heilige Gees.
Daarom kan Handelinge nie net as die handelinge van die apostels gesien word nie, maar moet die boek eintlik die ***Handelinge van die Gees*** genoem word. Dit is die Gees wat vissermanne *die vrymoedigheid* gee om te getuig. Wanneer die weerstand opstapel, *versterk die Gees* die getuies, sodat die getuienis gelewer word ten spyte van teenstand.
**Getuienis begin daarom altyd by GEBED**. Die kerk bid om die *krag en vervulling* met die Gees. Die kerk bid om die *dryfkrag* van die Gees. Ons bid om die *oortuigingswerk* van die Gees. Sonder die Heilige Gees kan ons nie. As jy te swak en onbekwaam voel – goed so! Paulus: As ek swak is, dan is ek sterk (2 Kor 12:10).

Ons getuienistaak is

4. **’n Omvangryke taak, vir 2 redes:**

**Eerstens is die taak <u>geografies groter</u> as ons onmiddellike omgewing**.
Jesus sê: *“Julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld”* (1:8).
Die uithoeke van die wêreld **skuif voortdurend**. Destyds was die verre *Rome* die uithoeke van die wêreld. Op ’n stadium was *Afrika* en die *Ooste* die uithoeke waarheen die evangelie geneem moes word. Vandag is *Europa* weer sekulêr, en stuur kerke uit Afrika en die Ooste sendelinge na Europa om die evangelie terug te neem soontoe.
Aan die begin van die 20ste eeu het slegs 10% van die wêreld se Christene in die suidelike kontinente en die Ooste gewoon, terwyl 90% in Noord-Amerika, Europa, Australië en Nieu-Zeeland gewoon het. Vandag leef ten minste 70% van die wêreld se Christene in die nie-Westerse wêreld. Meer Christene aanbid elke week in Anglikaanse kerke in Nigerië as in al die Anglikaanse of Episkopaalse kerke van Brittanje, Europa en Noord-Amerika saam! Daar is meer Baptiste in die Kongo as in Brittanje, meer mense elke Sondag in die kerk in die kommunistiese China as in die hele Wes-Europa, en tien keer meer lidmate van die *Assemblies of God* in Latyns-Amerika as in die VSA (Christopher J. H. Wright, “An Upside-Down World,” *Christianity Today,* January 2007).

**Tweedens is die getuienis groter <u>as ons opvattings</u> oor die inhoud en uitwerking van die getuienis**. Die dissipels vra vir Jesus: *“Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?”* (1:6). Vir hulle verstaan het die boodskap van Jesus net iets **vir Israel** gesê, net iets **vir nou** gesê, en moontlik het hulle dit verskraal tot net die **politieke herstel** van die ryk van Dawid of Salomo.

Die boodskap was egter **groter en sterker** as hulle verstaan daarvan. Ja, Die Boodskap *doen meer, herstel meer, verander meer*, is in sy inhoud ryker en groter as ons opvattings daarvan.
Baie **sendelinge** het na Afrika en ander dele van die wêreld gegaan om *siele* vir die hemel te red. Voordat hulle hul kon kry, het hulle *skole* gebou om onkunde te verdryf, *hospitale* opgerig om genesing te bring, die *Bybel vertaal* en so sommige tale vir die eerste keer op skrif gesit.
Die evangelie van Jesus Christus **doen meer** en het soms **verreikender gevolge** as wat ons verwag. Dis ook te verstane, want dit gaan daarom dat ons God bo alles sal liefhê en ons naaste soos onsself en naasteliefde kan so baie dinge beteken (Badisa as voorbeeld).

Die taak waarmee Jesus ons agter gelaat het, is ten slotte

**5. ’n Taak wat die lewe vul met betekenis**

Ek dink dit sal goed wees as ons elkeen vandag net weer **nadink oor die vraag**: Is ek *sinvol besig*? Hoeveel van die goed wat my tyd in beslag neem, is eintlik *onbenullig* ... tydmors? Kan ek my lewe en tydsbesteding nie *meer in lyn bring* met die taak wat die Here Jesus aan ons gelaat het nie? Kan ek byvoorbeeld nie meer betrokke raak by JAO nie? (Biduur; korrespondensie; bywoning; Getuienisfees; JAO span; DPMarais; CD’s vir Taxi bediening; TUG). Is my verskoning dat ek nie tyd het nie, regtig geldig, of *wil* ek maar net nie, is ek maar net *nie lus* nie, gebruik ek maar net nie my tyd *oordeelkundig* nie?
‘n Mens hoef nie altyd ander goed te doen nie, maar doen dit net anders. As jou kinders bv op hierdie stadium al jou aandag vra, rus hulle dan toe as getuies vir Christus. Sien dit as deel van jou opvoedingstaak.

Die **belofte** is: *“Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het”* (1:11).
Ons **wag** op Jesus.
Kom ons maak dit ’n **aktiewe wag** deur te *vertel*, te *getuig*, deur *sout en lig*, deur *instrumente van die Heilige Gees, werktuie van sy liefde* te wees.
**So ‘n aktiewe wag tot die dag van ons dood vul ons lewens met sin.**

Amen.
30/5/2010